**Sondag 9 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handelinge 15:35-41 (OAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:11**

## Johannes Markus – gebrei en gelei tot volharding

Johannes Markus (hamer), se naam wek maklik ’n gevoel van bevraagtekening op. Is dit nie die man wat nie enduit kon volhou met die uitdra van die evangelie op die eerste sendingreis saam met Paulus en Barnabas nie (Hand. 13:13)? Is hy nie ook die man wie se optrede daartoe aanleiding gegee het dat Paulus en Barnabas stry gekry het en besluit het dat elkeen sy eie koers gaan inslaan om die evangelie te verkondig nie (Hand. 15:39)?

Wanneer ons dit gesê het, moet ons egter ook verder gaan: Is Markus nie ook die man wat later met groot ywer saam met Barnabas in die Koninkryk gewerk het nie? Is hy nie ook die man wat die evangelie volgens Markus geskryf het nie? Is hy nie die man wat Paulus in Kolossense 4:10 by die gemeente in Kolosse aanbeveel dat hulle hom moet ontvang nie?

Paulus vra in 2 Timoteus 4:11 dat Timoteus dieselfde Markus moet gaan haal en na hom toe bring, aangesien hy vir hom baie van diens … van groot hulp … kan wees. Hy word dan ook deur Paulus in Filippense 1:24 as sy mede-arbeider in die Koninkryk beskryf.

Onbekwaam in homself, maar tog deur God gebruik en bekwaam gemaak. En dit … ten spyte van menslike gebreke en die aanvanklike gebrek aan volharding in sy dienswerk. Duidelik sien ’n mens hoedat die Heilige Gees vir Markus gelei het om sy menslike beperkinge en gebreke te oorkom.

Sien ons almal nie ook maar soms nie kans om te volhard in dit wat reg is en waarvoor die Here ons wil gebruik nie? En tog … deur God se ingryping deur die Heilige Gees twyfel ons nie aan God se genade nie en bly ons nie in die sonde lê nie.

Dank God daarom vir dit wat Hy deur Christus in ons doen en werk deur sy Gees. Hy brei en lei en bring ons tot volharding in sy diens.

*Sing: Psalm 149:1, 2*
*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*